Hoedanig is ons lewe?

Jak. 4:13 "Kom nou, julle wat sê: Vandag of môre sal ons na dié en dié stad gaan en daar een jaar deurbring en **handel drywe en wins maak**—
:14 julle wat nie eens **weet wat môre sal gebeur** nie. Want **hoedanig** is julle lewe? Dit is tog maar '**n damp** wat vir 'n kort tydjie verskyn en daarna verdwyn.
:15 In plaas dat julle sê: **As die Here wil en ons lewe**, dan sal ons dit of dat doen.
:16 Maar nou roem julle in **jul grootpratery**. Al sulke roem is **verkeerd**.
:17 Wie dan weet om goed te doen en dit nie doen nie, vir hom is dit sonde."

In vers 14 vra Jakobus hierdie vraag: **"Want hoedanig is julle lewe?"**

Die King James vertaling sê: **"For what is your life?"** Wat is jou lewe?
"Hoedanig is jou lewe?"

Die boek van Jakobus is sekerlik die **mees praktiese boek** van die N.T.

Die skrywer van die boek was '**n halfbroer** van Jesus. Hy was Jesus se halfbroer, want Jesus was deur die **H.G. verwek**. Josef was die vader van Jakobus, maar **God** was **self die Vader** van **Jesus**.

Jakobus benadruk vir ons die feit, dat **ware Christenskap opgesluit** is in ons gedrag en in ons verhoudings teenoor ander mense. Ons **optrede** teenoor ander sal vir **ons aandui** of ons **ware Christene** is of nie.

Want dit is baie maklik **om te sê** ek is 'n Christen, maar **ons optrede** sal die **bewys lewer** of ons **waarlik Christene** is of nie.

Sommige mense beweer die boek van Jakobus is die **Spreuke** van die **N.T.** Daar is ook ander wat sê dit is **soortgelyk** aan die **bergrede**.

Jakobus beklemtoon dat ons gedrag teenoor ander onberispelik moet wees en dat ons **Selfdissipline** aan die dag moet lê. Ons moet **onsself beheer**, ons moet toleransie toelaat, want geen mens is perfek nie.

Ons moet nie **vegters wees** wat net altyd mekaar wil **verskeur** en **opeet** nie, maar ons moet vredeliewend teenoor alle ander mense optree. **Ons moet almal liefhê!!**

Ons moet nie net **altyd loop en kyk** waar iemand **iets verkeerds doen**, sodat ons hom kan aankla en verskeur nie. Onthou die **duiwel** is die **aanklear** van die mens.

Open.12:10 "Toe hoor ek 'n groot stem in die hemel sê: Nou het die heil en die krag en die koningskap die eiendom van onse God geword, en die mag van sy Christus; want

die **aanklaer van ons broeders is neergewerp**, hy wat hulle **aanklaag voor onse God, dag en nag**."

Die duiwel staan **dag en nag voor God om ons aan te kla**. Wanneer ons ook net **gedurig mense wil aankla** sodra hulle 'n misstap begaan, dan werk ons vir die duiwel, dan is ons aan **sy kant** en doen ons **sy wil**. Dan **woon sy werke in ons**.

Sag. 3:1 "Daarna het Hy my Josua, die hoëpriester, laat sien, terwyl hy voor die Engel van die HERE staan, en die **Satan aan sy regterhand staan om hom aan te klae**."

Jakobus waarsku ons ook teen die oorheersing van die tong.

Jak. 3:8 "Maar die **tong kan geen mens tem** nie; dit is 'n **onbedwingbare kwaad**, vol **dodelike gif**.
:9 Daarmee **loof ons God** en **die Vader**, en daarmee **vervloek ons die mense** wat na die **gelykenis van God** gemaak is.
:10 Uit **dieselfde mond kom seën en vervloeking**. Dit, my broeders, behoort nie so te wees nie."

Die **grootste** en die **ergste sondes** kom deur die **tong**. Die wreedste ding onder hierdie son is die tong. Die mees **Onchristelike gedrag** en **optredes** kom deur die tong.

Jakobus sê uit dieselfde fontein kan nie vars en bitter waters na vore kom nie.

Ons moet dus besluit **watse fontein** ons wil wees. Wil ons bitter waters lewer of wil ons vars water lewer. **Wat borrel uit ons harte uit?**

Liefde, blydskap, vrede of onheil, haat en angs???

*** ***

Hier in ons teksgedeelte **benadruk** Jakobus vir ons hierdie **groot onderwerp** van die **toekoms**.

In die tyd wat Jakobus hierdie Woord geskryf het, was die hele wêreld onder die **regering** van die **Romeinse ryk**. Dit was 'n **onsekere tydperk** en die toekoms het vir hulle donker en onsmaaklik vorentoe gelyk. Net soos dit **hier by ons ook** maar vandag lyk.

Deur al die eeue heen wou die mens **sy eie toekoms bepaal**, die mens wou **self in beheer** wees. Die mens wil voel hy is in beheer van elke situasie en van sy eie lewe en van sy **toekoms**.

Self – behoud, ons wil **self voorsiening** maak vir die **toekoms**. En in sekere gevalle met betrekking tot sekere dinge is dit absoluut noodsaaklik.

Pensioen - **aftrede** – **medies**, ons moet **voorsiening** maak. Ons gaan **skool** toe, ons leer ons word **opgelei**. Wanneer ons groot is gaan ons kolledge en universiteit toe. Ons moet vir **onsself kan sorg**.

Ons moet verantwoodelikheid vir ons eie lewens aanvaar.

Maar te dikwels maak ons **net voorsiening** vir die **materiële**, ons soek net **sekuriteit** op die materiële vlak. Ons is net bekommerd oor die **fisiese** en nie ook oor die **abstrakte** dinge nie.

Het u al gehoor iemand sê hy is **finansiël sterk genoeg** om die **donker toekoms** in te gaan? NEE!!, ons wil net altyd **meer en meer versamel** en **wegsit** vir die toekoms.

Jakobus sê: " Julle wil na die **verskillende stede** gaan en tyd daar deurbring en **wins maak**."

Ons is **gedurig besig** om **voorsorg te tref** vir die **dag van môre**. Ons wil onsself beskerm. Ons wil **gereed wees** indien die een of ander ramp ons tref.

Ons het gewoonlik baie **groot lewensidiale** en **lewensverwagtinge**. Ons kan **groot dinge bedink** en **beplan**. Ons kan vir onsself 'n wonderlike toekoms uitlê en beplan.

En indien **geen teënspoed** en **siekte** ons tref nie en **ons lewe** kan ons dit ook verwesenlik en uitleef.

In die **tyd** waarin ons vandag leef moet daar doodeenvoudig net voorsiening gemaak word. Mense wat **nie voorsiening gemaak** het nie word, word eenvoudig net **uit die samelewing verban**, hulle word eenkant toe gestoot en verwerp.

Ons moet egter **waak daarteen** dat ons nie **genotsugtig** word nie, en dat ons nie agter die **wellus** van hierdie wêreld aanhardloop nie. Ons moet waak teen self – verwenning.

Ons moet waak dat ons nie **onsself te veel bederf** met die **genot** en **plesiere** van hierdie wêreld nie. Dit is **verslawend**.

Die vlikkerliggies van die moderne eeu is **baie verslawend**, dit vat jou vas om jou nooi**t weer te los** nie. Hoe **meer** jy daarvan **inkry**, hoe **meer** wil jy daarvan hê.

Wanneer jy jou **oë uitvee** lewe jy net vir **die genot** en die **plesiere** van hierdie wêreld, en het jy van **God vergeet**. Jou hoogste idiale word jyself en dit wat jyself kan bereik.

Jou hele lewe draai om jouself, jy word jou eie toekoms. Jy bou jou **eie Ryk** en is jou **eie heerskappy**. Die Engelse taal het 'n baie mooi woord daarvoor: **"EMPIRE"**

Jy vergeet **God se Ryk,** jy vergeet **God se Heerskappy,** jy vegeet van **God** se **"EMPIRE".**

Ons **hele lewensdoel** begin om om **onsself** en om die **genot** van hierdie wêreld te draai. Al ons lewens - idiale begin om oor die aardse dinge te handel. Ons begin om die **aardse dinge te koester** en **lief te kry** en ons begin om in teënstryd met God se Woord op te tree.

Daarom sê die Here moet ons **waak**.

Mark. 13:37 "En wat Ek vir julle sê, sê Ek vir almal: **Waak**!"

Ons moet waak teen **selfliefde**, ons moet waak teen **selfregering**, ons moet waak dat ons nie vir onsself 'n **"Empire"** skep nie.

Ons moet altyd **God se Heerskappy erken**, ons moet **God se leiding** erken. God moet ten alle tye in beheer wees. Die **kollig** moet op **God** wees en nie op **onsself** nie.

Die **Here** moet **ons alles** wees, Geliefdes, **ons moet waak!!!**

Ons **doelstelling** in die lewe moet nie op die **materie gerig** wees nie, maar dit moet baie **dieper** en **ernstiger** op die **geestelike gerig** wees.

Ons **lewens - idiale** moet **baie dieper** op die **siel gerig** wees, op die dinge wat van **groter waarde** en **betekenis** is, as die **stoflike** dinge.

Jakobus waarsku ons, en veral vir diegene wie se **hoop op die fisiese gebou** is.

Hy vergelyk die menslike lewe, die menslike bestaan met '**n damp**; met '**n mis** wat net vir 'n **kort tydjie verskyn** en dan maar **weer verdwyn**.

Dawid sê in **1 Sam 20 : 3**: "Maar so waar as die HERE leef en jou siel leef, daar is maar **net een tree tussen my en die dood**!"

Daar is net **een tree**, daar is net **'n breukdeel van 'n sekonde** tussen die dood en die lewe. Dit is **hoe ver** ons **elke oomblik** van die **dood af lewe**, **net een tree**.

Daar is eenvoudig net nie **tyd vir ander dinge** nie. Daar is ook nie tyd vir **veg** en **baklei** en **vyandskap te soek** nie; party mense het **geen vrede** in hulle **harte** nie, hulle het geen vrede **met God** nie, hulle het vrede met **niemand**.

Hulle **besoedel ander mense se siele** met hulle **alewige getwis** en **skinder** en **tweedrag**.

Dalk het ons maar **net 'n paar sekondes oor** om ons saak met **al die mense** en met **God reg te maak**.

Matt. 24:42 "Waak dan, omdat julle **nie weet watter** uur julle Here kom nie."

Wat sal van **ons siele word** as **God ons kom haal**, terwyl ons besig is om te stry en te baklei en mekaar op te eet. Ons moet **ophou veg** en waarlik God se l**iefde** in **ons harte begeer**.

Ps 102:12 "My dae is soos '**n skaduwee** wat lank geword het, en ek, **soos die plante verdor** ek."

Ons lewens is maar 'n **damp**, 'n **miswolkie**, 'n **skaduwee**; vandag is ek daar, □kat is ek weg. Daarom moet ons poog om die **beste** van ons **lewens** te maak.

Elke dag is vir ons **kosbaar**, elke dag moet ons op soek wees: Nie na aardse □kate nie, maar na **hemelse □kate**, **ewige □kate**; Ons enigste doel in die lewe moet **Jesus Christus** wees.

Ons **eind – idiaal**, ons **eindbestemming** is die **ewige lewe**.

Fil. 3:14 "Maar een ding: ek vergeet die dinge wat agter is en strek my uit **na wat voor** is, en **jaag** na **die doel** om die **prys te verkry** van die hoë roeping van God in **Christus Jesus**."

Ons moet **lewe** met ons **oë gevestig** op Jesus Christus.

******

Kan u **my** hier voor **u sien** staan?

Indien **u my kan sien** is u **oë nog nie volkome op Jesus gerig** nie. Wanneer ons **oë volkome** op Jesus gerig is, sal ons nie meer **ander mense** en **ander dinge** raaksien nie.

Dan sien ons ook nie ander mense **se foute** raak nie, ons loop nie heeldag en **oordeel** ander mense nie, want ons oë is op God gerig en nie op mense nie.

Dan het ons nie meer tyd vir **rusies** en **haat** en **derglike dinge** nie, want ons roeping is Jesus Christus en Hy is **Liefde** en **Vrede**.

Ons moet na **God** soek, ons moet na **God se liefde** soek, ons moet na **God se wil** soek.

En indien ons God se wil soek, dan sal ons sê: "As **God wil** en **ons lewe**, sal ons **so** of **so** maak.

Alles buite hierdie opvatting is verwaandheid.

Indien dit **God se wil is** en **ons lewe**, kan ons die **volgende tree** gee. Indien dit **nie God se wil is nie**, sal daar nie 'n volgende tree wees nie.

Daarom moet ons **God dank vir elke tree** wat Hy aan ons gee om te kan gee. Ons moet God dank **vir alles** wat ons in die **lewe kan doen** en alles wat ons **kon bereik** het.

Ons moet **God dank vir alles** wat ons het, want **net God alleen** gee aan ons die **vermoë** om die **volgende tree** te gee.

In **alles wat ons doen**, in **elke idiaal** moet God die oorheersende gedagte wees, want **elke doel** kan **net bereik word** as **God wil** en **ons lewe**.

Hoe lewe **ons** vandag?

Lewe ons net vir onsself?

Of lewe ons vir ander?

Of lewe ons vir God?